Negester

# STERRELIG

Nuusblad van Negester Klein-Kariba
Jaargang 4 No. 10 Oktober 2022

## Tong in die kies

### Moenie vir die "Regte Oomblik" wag nie.



'n Godsdienstige, vroom, voorbeeldige vrou was ou Susara. Sy was bo alles vol liefde vir God. Sy het kerk toe gegaan, soveel so, dat Sondae alleen nie vir haar voldoende was nie. Sy het selfs elke oggend na die kerkgebou gestap om te gaan aanbid.

Terwyl sy op pad was kerk toe, was sy in die web van haar eie gedagtes vasgevang. Sien en hoor het vergaan: Sy sien nie die bedelaars wat hul hande na haar uitreik vir 'n aalmoes nie. Sy sien en hoor nie die kinders wat lekker speel of haar selfs groet nie.

Op 'n dag gebeur toe die volgende: Met haar aankoms by die kerk, probeer sy soos altyd die kerkdeur oopstoot om in te gaan, om te aanbid soos haar gewoonte nog altyd was…. Die kerkdeur is…. gesluit! Tevergeefs probeer sy die deur oopkry.

Haar reaksie – baie ontsteld! Vir die eerste keer in jare…. Sy kan nie in die kerk haar liefde vir God bely nie.

Steeds magteloos staan sy voor die deur en haar oog merk nou eers die nota teen die kerkdeur.

Die boodskap lees:

"As jy My soek, sal jy My daar buite ook sien. Ek is daar tussen die kinders en die bedelaars".

Dus:

Daarom liewe vriend/in.

Leef, kyk, sien EN wees bewus van Hom elke sekonde van elke dag van jou lewe.

Lééf ook die lof van God onder mense waar jy beweeg, ook buite die kerk. Jy en jou lewe is dalk die enigste "Bybel" wat hul ooit sal sien.

Gusta

## STERKTE AAN ONS REDAKTEUR



Die lede van Sterrelig redaksie wil graag ons redakteur spoedige herstel toewens met die volgende woorde: *Bemoediging* is voedsel vir 'n mens se hart, elke hart het elke dag 'n teelepel daarvan nodig en 'n mens kan jouself nooit oordoseer nie.

Om te adverteer in Sterrelig:
E-pos vir Nellie Buitendag:
goempieb@gmail.com

# UIT DIE HEV KANTOOR





## *Terugvoer na afloop van die <u>Algemene Jaarvergadering (AJV) 24 September 2022</u>*

Baie geluk aan die twee nuwe direkteure wat verkies is op hierdie vergadering naamlik: ***Chris Heyman en Johann Marx.***

**Chris** is die eienaar van erf 161. Chris se totale loopbaan strek oor 'n periode van 42 jaar in die Suid Afrikaanse Lugmag, met eerste aanstelling as meganiese vakleerling op Mirage F1 vegvliegtuie tot Senior Logistieke Operasionele beplanner by Lugmag Bevelspos te Lugmaghoofkwartier in Pretoria.

**Johann** is die eienaar van erf 401. Johann se werkservaring sluit in Konstruksiebestuur, Waterbeplanning en Ontwerp en Instandhoudingsbestuur. Hy dien as Trustee op Raad van Trustees by 2 deeltitelkomplekse en dien op die direksie van Sunfield Tehuis vir Verstandelik Erg Gestremdes.

Hiermee bedank die direksie ook vir Chris Schoeman en Thinus Roos vir hulle bydrae in die direksie die afgelope tyd. Dit word opreg waardeer en ons wens hulle net voorspoed en rustigheid toe vir die tyd wat voorlê.

Die Spesiale mosies wat voorgelê en goedgekeur is tydens hierdie vergadering was:

***Spesiale Mosie 1: Vervang die huidige klousule 4.A1.3 rakende die direkteurs-termyn van drie (3) jaar:***

Die tydperk wat 'n direkteur verkies was in die verlede was vir 'n driejaar termyn en met die nuwe mosie word dit verander na 'n eenjaar termyn waarna 'n persoon weer herverkies kan word of ŉ nuwe direkteur aangewys kan word.

***Spesiale Mosie 2: Dat die bestaande artikel 3 sub artikel 3.6 van die AVO ten opsigte van die persentasie (%) van lede benodig om ŉ kworum te vorm, as ŉ spesiale besluit tydens vergaderings gewysig word:***

Die vorige vereiste volgens die AVO was dat daar slegs 10% bywoning van alle stemgeregtigdes by 'n vergadering nodig is om 'n kworum te vorm. Die verandering wat aangebring word sal nou bepaal dat daar ten minste 25% van die stemgeregtigdes teenwoordig moet wees om 'n kworum te vorm.

Hiermee wens die direksie ***AD Friedman & Kie,*** van Modimolle, geluk met hul aanstelling as nuwe ouditeure van Negester. Die aanstelling word jaarliks hersien en tydens die Algemene Jaarvergadering voorgehou vir goedkeuring.


Hiermee bedank die direksie al die eienaars van Negester vir 'n aangename en positiewe Algemene Jaarvergadering.

Vriendelike groete

HEV Direksie




## LAG 'N SLAG



<u>Muisjagter:</u>

Kosie: "Die muis het in die melkemmer geval!"
Ouma: "Wat het jy toe gedoen?"
Kosie: "Ek het die muisvalletjie ingegooi."

# Bederf vir 80 plussers

Op 20 Oktober hou Negester 'n ligte middagete-bederf vir al die inwoners bo 80 jaar. Daar word reggemaak vir omtrent 40 mense wat reeds voor die Tweede Wêreldoorlog (1932) gebore is. Die saal is pragtig deur die kantoorpersoneel, in pastelkleure en met ou goed, versier. Daar is selfs 'n fotohoekie wat baie pret oplewer en foto's word deur ons eie Negester-fotograaf Tobie Oosthuizen geneem. Die oudste inwoner teenwoordig is Oom Josef wat 90 is en die jongste 80jarige is Herklaas wat maar 8 dae voor die funksie 80 geword het. Vermaak is verskaf deur Piet en Wilma van Zyl wat ons almal lekker laat saamsing het met Piet se kitaarbegeleiding. Gusta Hoare het ook, met haar mooi radiostem, kort stories voorgelees en almal breed laat glimlag en so bietjie laat terugdink aan die goeie ou dae. Op 'n ernstiger noot is daar met ons gesels oor suurstof en die rol wat dit in ons lewens speel. Haal diep asem……. En pas daai harte mooi op deur 'n aktiewe gesonde lewe! Dankie aan suster Elize Meintjies, van Ecomed, wat al die pad van Pretoria af gekom het. Natuurlik was daar weer pragtige agtergrondmusiek deur ons eie DJ, Derek. Wat 'n heerlike oggend! Ons maak weer so en volgende keer hoor ons jonges bietjie hoe die "Ou Mense" in hulle jong dae gelewe het. Ons is uitgehonger vir staaltjies en stories van vervloë dae, vol nostalgie!





Des



.



Oom Josef, ons oudste Negester by die funksie. 90 jaar en Tannie Koekoe.







Pret tydens die fotoneemsessie deur ons jongste 80jarige, Ds. Herklaas





Die jonger inwoners lees voor, verskaf musiek, sing lekker saam en geniet die funksie net so baie.



Die hardwerkende span agter die skerms voor die funksie en met die opruiming. Dankie Nellie, Maria, Suzette, Yolanda en Santie.

# -Sekuriteit-

## Misdaad: Seniors "makliker" geteiken

(Gebaseer op ʼn artikel in Beeld 14 Sept. 2022)

Kubermisdadigers steel jaarliks miljarde rande van oumas en oupas en daarom is dit belangrik om senior burgers bewus te maak van die gevare van aanlyn bedrog.
Kuberskelms het baie pyle in hul koker, waarvan die sogenaamde: "Grandparenst Scam" spesifiek op kwesbare seniors gemik is.
Anna Collard, van KnowBe4 Africa, bevestig dat ouer mense meer geneig is om dinge te aanvaar en nie te veel tyd daaraan te spandeer om feite te bevestig nie.
Ouer mense sal dalk nie die verskille in e-posse en telefoonnommers sien nie en aanvaar dat geliefdes of kennisse se besonderhede verander het. Hulle reageer dan op versoeke vir geld of beloftes van geld en verloor dan hul bydraes.

KnowB4 Africa gee ʼn paar wenke waarop mense moet let:

- Kubermisdadigers werk om ʼn verhouding op te bou, deur sjarme of vrees te gebruik, om toegang tot rekeninge te kry- hetsy aanlyn of telefonies.
- Hulle sal waarskynlik reeds inligting oor jou huisadres en/of telefoonnommer besit en sal hierdie inligting gebruik om jou vertroue te wen.
- Bly agterdogtig! Die truuks, leuens en benaderings wat gekies word, raak mense van alle ouderdomsgroepe en dit is maklik om daarvoor te swig.
- Almal moet onthou dat BEDROG op enige tyd en enige plek kan plaasvind.
- Bevraagteken **altyd** elke transaksie.

ONTHOU: As dit te goed is om waar te wees, **dan is dit** te goed om waar te wees.
Nood- en Sekuriteitsbelangegroep.







# Boererate

**Sand wat aan voete vassit:**

Om sand wat aan voete vassit af te kry, gooi babapoeier op. Dit is veral goed wanneer ʼn mens kamp/wanneer badgeriewe nie beskikbaar is nie.



# 'n Boodskap uit die landgoedkantoor



Die pers kleur van die Jakarandas saam met al die blomme van die Apiesdoring, die Huilboerboon en Katjiepiering, om maar 'n paar te noem, versier die omgewing. Ek is seker dit laat baie van julle terugdink aan eksamentyd en lekker dae van student wees…
Ons het die afgelope maand ons AJV by Klein-Kariba se saal aangebied. Baie dankie aan al ons inwoners vir 'n vergadering in 'n goeie gees en positiewe gesindheid. Hiermee wil ek vir ons personeel van die kantoor 'n baie groot dankie sê vir al die werk wat ingesit is om 'n suksesvolle AJV aan te bied. Die werk op die dag is maar 'n druppel in die emmer teenoor al die voorbereidings- en reëlingsweke voor die tyd. BAIE DANKIE aan my span staatmakers!



Die plaveisel by die jukskeibane is voltooi en tans word die putte oorgedoen. Met ons markdag in November gaan die skeie behoorlik kan klap.
Ons is ook tans besig om struike te plant. Dit is deur die OBG moontlik gemaak. Daar gaan omtrent 45 struike geplant word. In dieselfde asem ook 'n baie groot dankie aan 'n donateur wat 20 bome vir ons geskenk het. Ons sal verseker vir hulle 'n plekkie maak hier op ons oord.
Die span is konstant besig met onderhoud en opgraderings op die watersisteme, paaie en veiligheidsheining. Nadat baie van die erwe skoongemaak is, is ons besig om van die groenstroke, tussen huise, te sny en te onderhou. By die wild het ons begin met 'n dip program vir die beheer van bosluise en ander uitwendige parasiete. Ons gee ook lusern en bokkos (pille) nou in die laaste deel van die winter, om diere se voedingsbehoeftes aan te vul.
Oktober is die begin van baie funksies en familiebyeenkomste. Bespreek asb. die boma en/of saal vroegtydig by Suzette.

**Onthou*: Jy is altyd verantwoordelik vir wat jy sê en hoe jy optree, maak nie saak hoe jy voel nie.***

Vriendelike groete.

*Dawie van Niekerk* (Landgoedbestuurder)

# NOODNOMMERS

| | |
|---|---|
| **Ambulansdiens Life 24** | **082 040 5003** |
| **Brandweer** | **014 736 8000** |
| **Polisiediens** | **014 736 9760/1** |
| **Stasiebevelvoerder** | **082 565 8512** |
| **Sigbare polisiëring** | **082 414 2704** |
| **Speurtakhoof** | **082 319 9336** |
| **HD Elektries (Dirk)** | **083 660 0319** |
| **Loodgieter (Eric)** | **083 281 7789** |
| **Smart Vision Solar (Willy)** | **078 364 1416** |
| **Suster Delia** | **082 494 2717** |
| **Landgoedbestuurder (Dawie)** | **071 734 3618** |
| **Hospitale** | |
| **Provinsiale hospitaal** | **014 736 7300** |

Enige bydraes vir Sterrelig kan ge-e-pos word aan:
sterrelig9ster@gmail.com



**9'e sterre neem deel in Sterrelig!!!**
Dankie vir al die "outeurs" in Sterrelig!
As jy nog nie jou storie/artikel met ons gedeel het nie, dan is dit nou jou kans….

# EK EN MY

# STOKPERDJIES



## Koos Lotheringen

Op die Makatini-vlaktes word die eerste 'saadjie gesaai'……….

Dit is die laat jare 1960 / vroeg 1971. Donker wolke verskyn op ons land se horison. 'n Ellelange SAW konvooi met 5SAI dienspligtiges en hul Bevelvoerders is op pad na ongerepte Kosibaai/Makatini-vlaktes/ Noord-Zoeloeland, vir gevegsopleiding, want paraat moes ons land wees.

Halfpad teen die berg op, naby die Jozini dam, word die konvooi Bedfords en Landrovers gehalt om 'n natuurwonder te aanskou. Al wat soldaat is verwonder hulle aan talle reuse eeu-oue broodbome wat uit die kranse beur. Vir meters groei Encephelartos *senticosus* broodbome na benede, vertak, beur voort en groei weer na bowe waar hul wondermooie krone na bo reik.

Op die Makatini-vlaktes en langs die Sibaya-meer, merk ek ander broodbome met vuurrooie keëls op. Ek gaan beskou dit van naderby en kon die skoonheid van so baie E *ferrox* broodbome daar in die vrye natuur, net bewonder.

As toentertydse 5SAI A komp Sers. Maj. JJ (Koos) Lotheringen, het hiérdie eerste aanskoue van dié oerplante my belangstelling gewek en is daardie beelde vir altyd in my geheue ingekerf.

My eerste broodboom was 'n geskenk van (wyle) 5 SAI RSM Barrie Badenhorst. Die E *natalensis* het saam met ons rondgetrek en het, net soos ons, ook soms gesukkel om in nuwe omgewings wortel te skiet.

My VOORLIEFDE is vir ons SA broodbome. Met verloop van tyd, soos wat die soldy, spasie en geleenthede toegeneem het, het my versameling EN my passie ook toegeneem.

Die gryskleurige broodbome kry byna altyd voorkeur by my, soos bv. *Eugene maraisii, middelburgensis, horrides, dyeranius, princeps, dolomiticus, trispinosus, lanatus, nubimontanus (robusta), laevifolius, blou arenarius, heenani, lehmani* en nog meer.

Groen broodbome het 'n eie bekoring en die E *transvenosus, lebomboensis retiefi /mananga, msinganus, cerinus, natalensis, caffer, frederici, inopinus, pausidentatos, villosus* asook die uiters bedreigde *latifrons* (ook genoem Albanie broodboom) was/is deel van my versameling. Die naaldvormige pinnas van groen E *ghellinckii* is uniek en uitsonderlik mooi. *stangeria eriopus* (endemies aan SA), met sy groen varingagtige blare, is baie gesog en is boonop die enigste spesie in die genus *stangeria*.

Afrika broodbome en gesogte uitheemse Cycas plante het mettertyd oor my pad gekom bv. *munchi, dioon edule, dioon spinolosa, sagopalm, hildebrandi,* oeroue *thoursi* spesie, *titengensis* en nog meer.

Tydens ons 25j verblyf in Rustenburg het my pad gekruis met legendariese broodboomversamelaars / kenners.

Op Mooinooi het ek heelwat tyd saam met oom Roelof (wyle) in sy tuin en in sy lande vol broodbome deurgebring en ook tyd spandeer by dr Deon (wyle) van Mooinooi. Dit was 'n voorreg om hulle te ken en ek kon verskeie skaars broodbome deur hulle aankoop.

Besoeke aan broodboomkwekerye en broodboomveilings, asook Lidmaatskap van die Broodboom Vereniging, is onontbeerlik vir enige broodboomentoesias.

Enkele 'broodboomhoogtepunte' in my lewe, lig ek graag hier uit:

- om E *senticosus* in sy natuurlike staat, teen die kranse by die Jozini dam te aanskou, was 'n keerpunt in my lewe.
- om E *ferrox* in oorvloed op die Makatini-vlaktes te aanskou was onvergeetlik.
- heelwat E *laevefolius* plante teen die hange van Schoemanskloof, /Wolwekrans, hier reg voor ons chalet, was 'n voorreg om te aanskou.
- georganiseerde broodboomtoere/besoeke aan broodboom tuine saam met kenners/versamelaars, was elke keer 'n inspirasie.

* in Middelburg het ons na die bekende REUSE oeroue E *middelburgensis* gaan kyk. Ek bewaar steeds die kosbare foto waar ek in die ope veld voor daardie oer-wonder staan.



E Middelburgensis vroulike keël gereed vir bestuiwing (2020) (Rustenburg tuin)



Koos by die reuse E Middelburgensis

* ’n Eenmalige Kirstenbosch E *latifrons* saailing tender kom oor my pad via die Broodboom Vereniging. Ons gesin van 8 (op daardie stadium) handig 8 tenders in. Groot was my vreugde toe 8 saailinge teen ’n billike prys aan ons toegeken is.
* 2015 besoek ons die Modjadji woud, geleë in ’n 305 ha natuurreservaat naby Duiwelskloof, waar die Balobedu-stam al eeue woon en deur die Reënkoningin regeer word. Teen die golwende heuwels van Modjadjikloof is daar ’n UNIEKE natuurlike broodboom-woud met derduisende oeroue (hoofsaaklik) E *transvenosus* kolosse.
* Die Modjadji woud is ENIG in die wêreld: ‘n LEWENDE FOSSIEL!
* Kunsmatige bestuiwing-belewenis van ’n vroulike E *middelburgensis*, in ons Tiptollaan-tuin in Rustenburg, was ’n goeie ervaring.
* E *lebomboensis* (Retiefi) verras my toe hy vir die EERSTE keer in 17jaar keël. Ek was verwonderd oor daardie TWEE wonderskone *retiefi* keëls.
* ’n Jong versamelaar ry dwarsdeur die nag uit die Oos-Kaap, kom koop sy ewe jong, uiters skaars E *latifrons* by my in Rustenburg en ry weer dadelik terug Oos-Kaap toe. Sielsgelukkig!
* E *lehmani*, ’n baie ou veelkoppige broodboom, kom oorspronklik van Stella se geboorteplaas af en ek word in 2010 die 2e eienaar daarvan. Ons sien ‘tannie Stella’ elke dag vanaf ons 9Ster stoep. (LW: ‘sy’ is eintlik ’n MANLIKE plant!)
* Ek was bevoorreg om Prof Nat Grobbelaar (wyle) te ontmoet, van sy praatjies by te woon en ook sy handtekening te verkry in my eksemplaar van sy boek: BROODBOME.
* Brokkies uit Prof Nat Grobbelaar se boek en uit ander bronne:
* Broodboomagtige, keëldraende plantfossiele het volgens navorsing tussen 100-200+ miljoen jaar gelede ontstaan en ontwikkel. Deur die eeue het min verander aan hul samestelling maar tog diversifiseer en ontwikkel hul steeds ewolusionêr. Broodbome kan tot 1000 jaar oud word.
* Broodbome is die mees bedreigde plantspesie op aarde en sommige spesies het ongelukkig reeds uitgesterf (bv. E *woodii*). SA Broodboom wetgewing en Reguleerders (bv.: SANBI, NEMA, TOPS, NEMBA, CITES) waak streng oor alle broodbome, maar veral oor die uiters bedreigde SA spesies wat nog behoue gebly het, bv. E *hursitus* en vele meer.
* Die eerste SA broodboomspesie is in 1775 in die Oos-Kaap beskryf deur Carl Thunberg (Sweedse plantkundige). ‘CYCAD’ is ontleen aan die Griekse woord ‘CYKOS’ wat ‘palmagtig’ beteken. ‘ENCEPHELARTOS’ verwys weer na die Suid-Afrikaanse broodboom genus. Dis ook ontleen aan 2 Griekse woorde: ‘kephalē’ (‘kop’) en ‘artos’ (‘brood’) en dit verwys waarskynlik na die ‘broodagtige’ keëls.

Dis interessant om te lees dat broodbome een van 1000+ gimnosperm (naakte sade) plantspesies is en blykbaar van die eerste vaatplante was uit die Triasiese Periode van 250 miljoen jaar gelede. Hierdie blomlose, keëldraende, manlike of vroulike plante, se voortplanting vind plaas deur die bestuiwing van die vroulike keël met stuifmeel vanaf die manlike keël. Bestuiwing kan in die natuur plaasvind dmv insekte maar kan ook kunsmatig gedoen word in gunstige omstandighede.

Bewyse van die oeroue teenwoordigheid van broodbome kom wêreldwyd in fossielrekords voor en broodbome was ook ’n groot bron van voedsel vir dinosourusse.

* Die enigste endemiese broodboom in die Waterberge, is die E Eugene Maraisii. Dit neem egter vanaf 1924 tot 1945 voor die Waterberg se broodboom op die Palalavlakte geïdentifiseer is en amptelik benoem is as: E *eugene maraisii*.

My broodboom versameling het met die jare aangegroei tot 150 SA broodbome waarvan ek 37 uit die gerekende 38 SA spesies besit het. Ek het ook 25 skaars Afrika broodbome en ander CYCAS spesies in my relatief klein tuin in Rustenburg gehad.

Met ons afskaling /verhuising uit NWP na Limpopo, moes ek noodgedwonge afskeid neem van heelwat van my ‘broodboomkinders’. Hul pronk nou in die tuine van my kinders, 2 swaers, ander versamelaars en vriende. Die wetlike papierwerk t.o.v. in- en uitvoer en besit-permitte, was nogal ’n uitdaging maar alles het uiteindelik goed afgeloop.

Ek het 4 bakkievragte plante aangery vanaf Rustenburg en het hulle vir 4 maande op 'n plaas in Bela-Bela gestoor tot ons huis klaar gebou was. Begin Des 2020, met die hulp van 'n span werkers, kon ons die 50+ broodbome binne 2 dae in hul nuwe aarde/potte vestig.






Ons 2jr oue 263@9★- tuin raak nou gevestig en ons is bevoorreg om steeds deur ons geliefde broodbome omring te word. Met groot vreugde kon ek op 7 Oktober 2022 opmerk dat my jong *eugene maraisii* (Palala) sy/haar eerste "Waterberg blare" vertoon!

VRAAG: Het broodbome vyande?

ANTW: JA: o.a. broodboom stropers, broodboom wetsontduikers, luise, stamvrot, en die 'leopard magpie moth'.

WENK: Beskerm / Versamel / Plant ons SA broodboom spesies.



Plant gerus ook Afrika broodbome en ander eksotiese Cycas spesies.

Dis nooit te laat om ingetrek te word in die 'lewens' van dié fassinerende plantfossiele nie.

Broodboomgroete
Koos Lotheringen
Erf 263. Raasblaarstraat
Oktober 2022






MODJADJI WOUD (2016)



2016 .... in die Modadji Woud



E Villosus keël (vroulik)
(Nou in OosRand tuin...)




❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀

# NOU...

nou toe

## Afrikaanse spreuke en uitdrukkings:

**Dis dadels met jou.**


**<u>Betekenis:</u>**

**Afrikaans**: Dis bog met jou.

**Engels**: That's all nonsens!



# VARS GEDRUK…




Die son skyn warm op die aarde neer. Ons smag almal nou na 'n goeie bui reën. Ek het pas die boek: "SOOS SAAD op die WIND", klaar gelees. Die boek, geskryf deur KAREN KINGSBURY, een van die gewildste skrywers van geestelike fiksie, kry volpunte.

Die Campbell egpaar neem 'n 4 jarige seuntjie aan en noem hom Joey. Die gesin is baie gelukkig en dit gaan ook finansieel goed met hulle. Hierdie idilliese prentjie spat binne oomblikke aan skerwe toe hulle hoor dat Joey se biologiese pa, wat tydens Joey se geboorte in die tronk was, nooit toestemming gegee het vir die aanneming nie. 'n Regter beslis dat Joey moet terug gaan na sy biologiese ouers toe. Die Campbells is verpletter, en probeer alles binne hul vermoë om Joey te behou.
Is die wet sterker as 'n ouer se liefde?
Groete van stoep tot stoep.

***Carol***

**Rocking Horse Kwekery**

Wide range of trees, shrubs and succulents

Pop in to see our range

**SCHOEMBIE GARDENS**

The lawns are all looking awesome after the toppings.

*Now let us help you sort the beds out.*

Labour is R 100 per hour (team of 3)

Gutter cleaning @ R100.00 per hour

Contact: 064 318 0168 /064 342 3376

❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀❀

**<u>TEGNOLOGIE-STAP VIR STAP deur Albert Behrens</u>**


**Hoe weet ek wie het al my boodskap op 'n WhattsApp-groep gelees?**

***1.*** *Druk op **<u>jou</u>** boodskap,* ***2.*** *druk op die drie kolletjies,* ***3.*** *kies "Info" en* ***4.*** *rol af deur die name*









# S O R G S E N T R U M

## GESONDHEIDSORGDIENSTE OPEDAG 12 OKTOBER 2022

Wat ŉ wonderlike ervaring was dit nie vir die gesondheidsorgkomitee, op 12 Oktober, toe ons inwoners van oral oor na die Sorgsentrum sien beweeg. So wil ek sommer ter aanvang vir almal wat by ons kom inloer het en vir almal wat gehelp het om van die dag ŉ sukses te maak baie dankie sê vir julle hulp. Ons hoop julle het die dag saam met ons geniet. Ons het 107 besoekers (inwoners en uitstallers) gehad.

Ons sien uit na ŉ volgende gesonde saam kuier!!

Gesondheidsorgkomitee

Oktober 2022















**DIE KOSTE VAN VERSORGING VAN OUER PERSONE TE NEGESTER KLEIN-KARIBA**

**AFKORTINGS**

VMV - Voorgeskrewe Minimum Voordele
Versorgingseenheid – VSE
Board of Healthcare Funders – BHF
PGS – Primêre Gesondheidsorg
HEV – Negester Huis Eienaars Vereniging
BTD – Bestuurde Tuisverplegings Dienste



**WIE BETAAL WAARVOOR?**

Sommige mense glo dat versorging in ŉ aftree-oord gratis deur die oord verskaf sal/moet word. Dit wil voorkom asof daar nie duidelikheid by inwoners is oor wie gaan betaal wanneer hulle versorging nodig het nie. Die onduidelikheid word verder versterk deur uitsprake van mense wat voorgee dat mediesefondse sal betaal. Hierdie skrywe is gemik daarop om inwoners in te lig oor wie betaal vir wat en wat is die koste van versorging, sodat wanneer versorging nodig is, die koste nie as ŉ skok kom nie.

Kragtens die Wet op Mediesefondse van 1998 moet mediesefondse betaal vir die behandeling van ŉ spesifieke lys van toestande of prosedures (270 in totaal). Dit word genoem die Voorgeskrewe Minimum Voordele (VMV). Verswakte sorg, as gevolg van veroudering is nie deel van die VMV nie. Meeste mediese-fondse en veral die oop fondse (Enige een kan daaraan behoort) betaal net die VMV. ŉ Paar van die geslote (bv. Bankmed, Anglo American, ens.) mediesefondse betaal hiervoor, maar dan slegs ŉ gedeelte van die koste.

Verswakte sorg, as gevolg van ŉ mediese toestand, wat ontstaan na ŉ insident of operasie is wel deel van die VMV. Die betaling van hierdie voordeel is onderworpe daaraan dat die diens gelewer, binne die bestek van die voordeel val, en dat die diens gelewer word deur ŉ persoon of instansie wat geregistreer is en ŉ praktyknommer het by die Raad (Board of Healthcare Funders – BHF). Hierdie diens kan of tuis of in ŉ Sub-Akute eenheid gelewer word. ŉ Sub-Akute eenheid is toegerus soos ŉ hospitaal en het toepaslik gekwalifiseerde- en geregistreerde verpleegpersoneel. Dit moet kragtens wetgewing gelisensieer wees by die provinsiale departement van gesondheid. Negester se VSE is NIE as ŉ akute sorg eenheid geregistreer by die provinsie of die BHF NIE.

Verder sal daar nie verwys word na versorging wat as sub-akuut gedefinieer word nie. Waarvoor sal die inwoner dan betaal. Elke eienaar by Negester betaal heffings. Sekere deel van die heffings word aangewend om ons diensverskaffer te betaal. Negester se kontrak met Medwell maak vir die volgende voorsiening:

Die HEV het ŉ kontrak met Medwell SA (Pty) Ltd om ŉ PGS diens te lewer deur ŉ geregistreerde verpleegkundige in die sorgsentrum. Hierdie is ŉ vertaalde uittreksel uit die dienskontrakdiens:

KLINIEKDIENSTE

1. ŉ Oorspronklike, en daarna jaarlikse, opname word gemaak van elke inwoner se algemene gesondheidstoestand. Hierdie opname, moet volgens ooreenkoms, by die kliniek op afspraak gedurende kantoorure plaasvind.
2. Toegang tot die kliniek vir inwoners vir kliniese dienste wat sal insluit die monitering van gesondheidstoestand en voorkomende sorg (bloeddrukke, bloedsuiker en urine toetsing om die risiko's tot die minimum te beperk. Hierdie diens sal gedurende kliniekure by die kliniek beskikbaar wees
3. Beskikbaarheid van mediese prosedures soos deur ŉ mediese dokter voorgeskryf en wat binne die bestek van die praktyk van ŉ geregistreerde verpleegkundige val.

Hierdie diens word tans gratis aangebied aan al die inwoners en word befonds uit die heffings solank as wat die diens in die sorgsentrum gedurende kantoorure gelewer kan word. Die pasiënt is verantwoordelik vir die betaal van alle verbruiksitems. Die gedeelte van die maandelikse heffing wat hiervoor aangewend word, is ±R335 per huishouding. Tans is daar verskeie eienaars wat heffings betaal wat nie van die dienste gebruik maak nie omdat hulle elders woon/ea redes.

NOODDIENSTE

In geval van ŉ noodsituasie sal ŉ inwoner sy paniekknoppie aktiveer en Medwell personeel aan diens sal verseker dat onmiddellike mediese bystand en versorging verleen word. Die diens sal gratis verskaf word gedurende kantoorure.

Buite kantoorure is daar nie personeel op die terrein nie. Die noodoproep sal beantwoord word deur ŉ geregistreerde verpleegkundige wat in samewerking met ons beskermingsdiens op terrein so spoedig moontlik bystand sal verleen. Afhangend van die aard van die diens sal kostes verskil, maar die diens is vir die rekening van die gebruiker.

TUISVERSORGING Bestuurde Tuisverplegings Dienste (BTD)

Hierdie diens is beskikbaar aan alle inwoners. Die koste sal ooreengekom word met elke individu afhangend van sy/haar persoonlike- en gesondheidstoestand.

Bestuurde Tuisverplegings Dienste word voorsien aan ŉ persoon in sy eie woning.

Hierdie tipe diens word deur Medwell se sorgdienste bestuurder gekoördineer deur gebruik te maak van ŉ multidissiplinêre span om ŉ sorgplan daar te stel in samewerking met die pasiënt en sy familie.

Hierdie diens kan voorsien word van 12 tot 24 uur per dag.

In die laaste uitgawe van die Sterrelig het Sr Delia ons ingelig oor verskeie aspekte van tuisversorging. Haar skrywe het my genoop om bietjie meer uit te vind en ek het Medwell se webwerf geraadpleeg.

Volgens hulle benodig 'n suksesvolle aftree-oord al die verskillende vlakke van versorging waaronder "24 uur sorg in sorgsentrum wanneer tuisversorging nie meer 'n opsie is nie" resorteer.
Daar is verskeie redes waarom tuisversorging nie meer 'n opsie is nie, waarvan die belangrikste twee is (a) dat dit nie jou keuse, binne jou stel omstandighede is nie, (b) as gevolg van die bekostigbaarheid van tuisversorging.

**KOSTES**

Die volgende tabel weerspieël die kostestruktuur van ons huidige diensverskaffer soos in sy voorstel gedurende April vanjaar vervat. Alle kostes is **per maand** kostes. Kostes voorsien vir dienste in VSE is gegrond op die voorsiening van 'n sorgeenheid en bystandsorg eenhede voor die beëindiging van die kontrak

| **A. Tuis versorging (sluit nie etes, wasgoed of skoonmaak in nie)** | Per maand |
|---|---|
| 2 Uur per dag versorging | R 3 900,00 |
| 6 Uur per dag lae intensiteit versorging | R 12 658,42 |
| 12 Uur per dag lae intensiteit versorging | R 16 306,92 |
| 24 Uur per dag hoë intensiteit versorging | R 33 646,58 |
| 24 Uur inbly versorger | R 22 782,08 |
| **B. Primêre gesondheidsorg in kliniek (Koste gefinansier uit heffings)** | R 335,00 |
| **C. Versorging in sorgsentrum** | |
| 2 Uur bystand sorg ses dae per week, 1 maaltyd per dag, 7 kg wasgoed per week en skoonmaak 1 maal per week | R 9 685,00 |
| 24/7 Uur verswakte sorg, 3 maaltye per dag, wasgoed en skoonmaak | R 18 500,00 |
| **NOTA**: Die kostes vir tuisversorging sluit uit, etes, skoonmaak en wasgoed dienste. Vir vergelyking doeleindes is D die koste soos in C maar verstel vir die koste van etes, skoonmaak en wasgoed waarvoor tuisverpleging nie voorsiening maak nie | |
| **D. Versorging in sorgsentrum (Kostes sonder ondersteunende dienste)** | |
| 2 Uur bystand sorg ses dae per week, koste van etes, skoonmaak en wasgoed weggelaat | R 3 685,00 |
| 24/7 Uur verswakte sorg, koste van etes, skoonmaak en wasgoed weggelaat | R 12 500,00 |
| **Ondersteunende dienste buite sorgsentrum** | |
| 1 Ete per dag | R 4 562,50 |
| Skoonmaak 150m² | R 800,00 |
| 7 kg Wasgoed per week | R 1 400,00 |

**GEVOLGTREKKING**

Uit bostaande is dit duidelik dat versorging in 'n VSE enigiets van 40% na 90% van die koste BTD kan beloop. Ons is tans in 'n baie slegte posisie, ons beskik tans oor 'n VSE wat vir alle praktiese doeleindes net agt beddens het en wat nie winsgewend bedryf kan word nie. Tensy ons 'n VSE kry sal ons aangewys wees op BTD. Om die VSE te laat werk sal ongeveer 30 beddens nodig wees. Daar sal nooit genoeg inwoners wees om dit moontlik te maak nie. Volgens inligting sal 'n VSE net winsgewend bedryf kan word wanneer daar 'n poel van ongeveer 1500 persone is wat potensieel van die dienste gebruik kan maak. Daar moet daadwerklik planne gemaak word om ander groepe ouer persone by ons in te skakel sodat 'n VSE wat betaalbaar is daar gestel kan word.

***Hannie en Chris Schoeman***



## Wie kan ek kontak?

| | | |
|---|---|---|
| KLINIEK | 014-736-3364 | 014-736-2770 |
| Nood-nommer | | 072 312 3499 |
| Berading daagliks beskikbaar per afspraak (Annatjie Moore) | | 014-736-2580 |
| GROEPWERK (Annatjie Moore) | 014-736-2580 | |
| Inligting oor Kansa (Nellie Buitendag) | 014-736-2725 | |

| **Maak asseblief afsprake** | | |
|---|---|---|
| **Maandae – Vrydae** | 7h30-9h30 | Kliniek |
| **Maandae** | 7h30-9h30 | Voetsorg |
| **Dinsdae** | 7h30-9h30 | Haarsorg |
| **Dinsdae** | 7h30-9h30 | Oudioloog (Elke 2de Dinsdag) |
| **Vrydae** | Middag | Fisioterapeut |






# WYNGILDE

Die wynvriende het weer op 5 Oktober bymekaargekom om hierdie keer iets anders as "wyn" te proe.



Na die verwelkoming is die dames bedank vir al die heerlike eetgoed wat weereens voorgesit word. Almal wat ook altyd so fluks na die verrigtinge help opruim, is ook bedank.

Derek het genoem dat die Sosialebelangegroep voel om ook iets terug te gee aan 9* en ’n voorstel om ’n bankie vir een van die staproetes te skenk, is goedgekeur. Sodra die bankie afgelewer is, kan jy gerus ’n koelboks neem en ’n glasie wyn of skemerkelkie daar gaan drink. Chris Viljoen van CJ Brewery, wat in 2020 gestig is, het die aand verder gelei met ’n praatjie oor sy verskeidenheid gin asook rum, whiskey en brandewyn produkte wat hyself stook. Hy het ook verduidelik hoe hy te werk gaan met die brouery en die prosesse waardeur elke produk moet gaan om beste kwaliteit te verseker. Al die wetlike aspekte daaraan verbonde om wettig te mag stook, is ook verduidelik. Daarna is heerlik geproe aan al die opsies wat beskikbaar is, waarna daar, soos gewoonlik, heerlik gesmul en lekker gekuier is, terwyl opinies gedeel is oor hoe elkeen die gin, rum, whiskey en brandewyn ervaar het. Die produkte was ook te koop.

In geheel was hierdie nog ’n baie gesellige en suksesvolle kuier-aand gewees. Daar is nog een wynproe geleentheid oor vir die jaar…30 November en vir daardie aand word iets spesiaals beplan, so dagboek solank die datum.

Groete

Alida

# Voël Van die Maand

Rooibekkakelaar
Eng: Green Wood Hoopoe
*Phoeniculus purpureus*

Die rooibekkakelaar, *Phoeniculus purpureus*, is 32-36 cm groot en weeg 60-90 gram. Dié voël het ʼn lang, helder rooi snawel wat ondertoe buig. Die mannetjie se snawel is langer as dié van die wyfie. Onvolwasse voëls se snawels is swart.
Die volwasse voëls se vere is swart met ʼn metaalagtige blou-groen skynsel op die mantel. Daar is wit vlekke op sy vlerke, wat sigbaar is as hy sit, en wit vlekke op die buitekantste vere van sy lang stert, wat sigbaar is as hy vlieg. Sy bene is rooi. Die geslagte lyk eenders.
Hulle skei ʼn baie onwelriekende vloeistof by die basis van hulle stert af wanneer hulle bedreig word. ʼn Vlieënde muishond!!



Hulle bly in familie-swerms van tot 12 voëls wat koöperatief saamwerk. In elke familie-swerm is daar egter net een broei-paar… Die broeiende wyfie en kuikens word dan op koöperatiewe wyse deur die res van die swerm gevoer en beskerm.
Kakelaars klouter rondom boomstamme om krake in die bas vir insekte te deursoek. Hulle kloue is spesiaal aangepas om maklik aan die onderkant van ʼn tak vas te klou. Hulle eet ook insekte op die grond en by termietneste. Hulle is egter ook opperste opportuniste wat nie sal skroom om insekte by ander voëls af te vat nie. Hierdie steelgewoontes geskied ook in groepverband… By geleentheid is daar gesien hoe kakelaars die insekte steel by ʼn hoep-hoep mannetjie wat prooi vir sy kuikens aanvlieg. Uiteindelik het die hoep-hoep dit reggekry om ʼn insek by sy kuikens in die nes af te lewer. ʼn Kakelaar het egter doodluiters sy snawel in die nes ingedruk en die insek by die kleintjie afgevat. Van toe af het daardie swerm kakelaars elke insek-draende hoep-hoep mannetjie uitgelos en gewag om die prooi eerder by die kuikens in die nes af te vat.
Swerms kakelaars verskil glo van mekaar en spesifieke soorte steelgewoontes word in familie-groepe aangeleer. Kakelaars sal ook voëls wat oop nesstrukture bou, soos mossies, se leë nessies ondersoek om te kyk of inseklarwes moontlik daar uitgebroei het.

Kakelaars broei hoofsaaklik in die somer. Hulle maak nes in boomholtes en neem gewoonlik ander voëls, wat die stam aanvanklik uitgehol het, se ou nessies oor. Die nes word glad nie uitgevoer nie en die wyfie bly die heeltyd in die nes as sy die eiers uitbroei.
Sy lê twee tot vier blou eiers wat na omtrent 18 dae uitbroei. Na ʼn ruk ruik die nes glad nie meer goed nie, want kuikens skei ook ʼn vreeslike reuk af as hulle hanteer word.
Hulle kom wydverspreid in Sub-Sahara Afrika voor.
ʼn Swerm kakelaars is ʼn raserige spul wat hard kekkel en kwetter. Die lawaai begin stadig maar bou op tot ʼn crescendo met meer voëls wat saamroep. Die mannetjie se stem is duidelik laer as dié van die wyfie.

Bronne geraadpleeg:
Wikipedia
Sasol Voëls van Suider-Afrika 5de uitgawe
Sappi Birds of South Africa
Robert Birds of South Africa

Jan van Biljon



## KORTTERMYNVERSEKERING VIR AFGETREDENES

**AANGEBIED DEUR NSB**



# WIE IS NSB?

NSB is 'n korttermynversekeringsmakelaar wat reeds meer as 24 jaar na kliënte se belange omsien.

Ons is kontraktueel met 12 versekeraars verbind om te verseker dat ons verskeie opsies kan bied om elke klient se risikoportefeulje te pas.

Ons lewer persoonlike diens en waarborg gemoedsrus.

Gespesialiseerde produkte en voordele vir u as afgetredenes.

**ONS WIL GRAAG MET U 'N AFSPRAAK REËL OM U PORTEFEULJE TE HERSIEN.**

Vir 'n gratis kwotasie SMS/WhatsApp gerus u naam en nommer na 066 286 0274.
Voeg asb by u boodskap Negester.

nsb
NATIONAL SATELLITE BROKERS

**TROTS GEASSOSIEER**

Glen Manor Office Park, Building 5, Office2
138 Frikkie De Beer Street, Menlyn, Pretoria, 0063
Tel: +27 (0)86 184 3672
Epos: info@nsb.co.za
www.nsb.co.za
Volg ons op Facebook en Twitter
Gemagtigde verskaffer van finansiele diënste, FSP no: 16908

# Albert en Neeltje Behrens op die bank met Sandra





Dis vakansie, kleinkinderkuiertyd, toe ons by Albert en Neeltje gaan kuier. Wat my opval is die warm verhouding tussen oupa, ouma, kleinkinders en dogter. Hulle laat jou sommer deel voel van die familie.
'n Huisgesin wat hul deel gedoen het in die gemeenskap en met trots kan terugkyk op hul arbeid, wat nou net wil wees en elke dag geniet wat die lewe bied.
Hul sprankel en lewenslus is aansteeklik en dra by tot heerlike kuiers om die kampvuur van die Skopsuile.

Neeltje is in Springs gebore, hul verhuis na Welkom waar sy haar laer- en hoërskooldae verwyl het. Na matriek het sy op Potchefstroom gaan studeer en verwerf haar onderwysdiploma by Pote. Sy doen ook 'n MBD-diploma by Groenkloof in Pretoria. Neeltjie begin haar onderwysloopbaan by Rocklands Primary op Blyvooruitzight en tree af by Klerksdorp Primary School in 2019. Sy was op haar gelukkigste wanneer daar kulturele en sportaktiwiteite was om te reël. Sy was ook vele jare lid van hul musiekbediening in Klerksdorp.




Albert vertel hul is mynkinders. Hy is gebore op Oberholzter en begin sy skoolloopbaan op Saaiplaas. Nadat sy pa verplaas is na Kloofmyn beland hy by 'n plaasskooltjie. Dis ook hier waar hy, as standerd viertjie, met die hippies se invloed, sy eerste protesoptog teen juffrou Strepies se poging om hul netjies, teen die korrekte helling, te laat skryf, gereël het…

Albert is na Hoërskool Fochville en groot was sy verbasing toe hy sy Engelse onderwyser, Mnr. Corrie Verwey, hier op Negester raakloop. Albert het sy studies op Pote begin, en dis daar waar hy, in sy finale jaar vir Neeltje, toe 'n eerstejaar, ontmoet het. Hulle was beide lede van die sanggroep Pootnote. Hy het tot en met 1995 verskeie nagraadse kwalifikasies verwerf. Hul is getroud, in Welkom, nadat hy sy weermagopleiding by Infanterie Skool voltooi het. Hul is 42 jaar getroud.

Albert en Neeltje het twee dogters, Kittie, die kunstenaar woon in Braunston (UK), en Annatjie, 'n onderwyseres woon in Alberton. Hul het vier kleinkinders; Emilie, Harrison, James en Elizabeth.

Albert se onderwysloopbaan begin by Laerskool Mooirivier te Potchefstroom. Hy verskuif na Laerskool M.L.Fick en word bevorder as departementshoof na Laerskool La Hoff in Klerksdorp. Albert kry die hoofpos en vir 21 jaar het hy die skool tot groot hoogtes bestuur tot en met sy aftrede in 2017.

Negester is vir Albert en Neeltje soos 'n oase waar hul rus en vrede gevind het. Hier kan hul net hulself wees en geniet wat gebied word. Hul het by die Skopsuile en Wyn-vriende groep ingeskakel. Neeltje is lief vir naaldwerk en handwerk, sy lees graag en is lief vir musiek. Albert was baie lief vir padwedlope en het 12 Comrades Marathons op sy kerfstok, maar hou hom nou besig met voëlkyk en fotografie. Hy dien op die Sterrelig redaksie. Hulle stap graag en hou van kamp, net nie die koue Kaapse winters nie.

Eendag stap ons dalk saam 'n camino en kuier laataand om die kampvuur en vertel van die dag se wedervaringe.

* * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * *

# Spreuke uit C.J. Langenhoven…



**Leierskap:**

"Die volmaakte regering wag vir die tyd wanneer elke burger sal geleer het om homself te regeer."

# Uit Grootjie se kombuis...

## Kluitjies op vleis

**Bestanddele**
2 k meel
1 t sout
¼ t peper
4 t bakpoeier
1 eier geklits
2½ e botter, (gesmelt)
¾ k melk



**Metode**

- Sif droë bestanddele.
- Voeg by: eiers, botter en melk.
- Meng goed tot 'n stywe drupdeeg.
- Drup lepels vol beslag bo-op gaar, gestoofde vleis. (Nie in die sous nie)
- Maak kastrol dig toe.
- Stowe vir 15-20 minute sonder om die deksel te lig.
- Bedien saam met ete.

Hierdie resep is beproef.
My ma (91) maak dit steeds vir ons.
Wat 'n heerlike bederf!

***Gusta***

******************************************************

LEER KEN VIR...

## Thabo Ncobeni




**Verjaardag**: 1 November.
**Eggenoot**: Winnie.
**Kinders**: Charles 15jr, Presias 7jr.
**Pos by Negester:** Assistent tegnies.
**Beskryf jouself**: Hardwerkend, lojaal, reg om altyd te help.
**Gunsteling kleur?** Black & white.
**Gunsteling kosgereg?** Braaivleis.
**Gunsteling nagereg?** Koek.
**Gunsteling TV-program:** Skeem saam.
**Wat is jou stokperdjies?** Musiek (African Music).
**Waarheen gaan jy/ julle graag vir 'n wegbreek?** Hammanskraal.
**Wat maak jou hartseer?** Mishandelde diere.
**Wat maak jou gelukkig?** My kinders.

**Kies een woord:**
**Kos**: Koud.
**Seisoen**: Winter.
**Ry**: Stadig.
**Vakansie**: Binneland.
**Persoonlikheid**: Introvert.

### ...Lag ... traan ...

Die redaksie van Sterrelig is bly saam met die inwoners en personeel met wie dit voorspoedig gaan.
Ons harte gaan uit na die mense wat tans in nood verkeer.





# Skopsuile



WAAR?



WANNEER?




HEERLIKE SAAM KUIER


Kamp- /braaivure


Trommeldik


Birthday girl


Koplampie-braaiers


Musikante: jonk en oud


Laaglê . . .


Natuurskoon


Voëlparadys



**Hofsitting!**








Parlement in sitting (Afwesig Tommy en Patrys)



# Boombrokkies

## Die Krinkhout


Krinkhoutblomme

Negester landgoed is bevoorreg omdat die beskermde boom, die krinkhout (*Securidaca longepedunculata),* hier by ons groei. Sy Engelse naam, "violet tree", beskryf die boom met sy rooi-pers blomme vroeg in die lente, baie treffend. Dit wil voorkom asof die boom verder noord nog mooier blom as op Negester, maar dit bly 'n besonder mooi boom met sy ligte stam en besonderse blomme. Dit word 'n redelike groot boom, soos bv. die een aan die suid-oostelike kant van die karavaanstaanplekke.


Krinkhout dwarssnit

Die bome word volgens wet beskerm, omdat dit in die tradisionele Afrika medisyne soveel gebruike het (ook spiritueel). Volgens. die Suid-Afrikaanse Biodiversiteit Instituut, word die plant die meeste van enige plant in Suid-Afrika gebruik. Sy wortels is giftig vanweë metielsalisilaat daarin. Dit ruik dan ook na wintergroenolie.


Krinkhout in Bospatrysstraat

In Bospatrys word nou 'n huis gebou op 'n erf waar 'n klein krinkhout groei. Gelukkig het 'n wakker buurman besef die boompie moet beskerm word. Tot dusver is hy suksesvol om die boompie van stootskrapers en algemene boubedrywighede te red.

Hierdie foto is op 3 Okt. geneem en dit wys mooi hoe die krinkhout daar blom. Ons sien uit daarna om die spesiale boompie te sien grootword.

Terloops, waar sou sy beskrywende boerenaam vandaan kom? Kyk na die foto van 'n dwarssnit van sy stam en dink daaraan dat "krink" ook gebruik word vir "draai".

*Leonora*



# ERFENISDAG-BRAAI

Op 24 September is Erfenisdag hier op Negester met ’n bring-en-braai by die lapa gevier, want watter beter erfenis, as die tradisionele braai, kan ons hê? Daarom dat dié dag ook algemeen bekendstaan as Nasionale Braaidag.

Om 15:00 is die vure aangesteek en het die lekker kuier begin. Almal het probeer om teen 17:00 klaar geëet te wees vir wanneer die rugbywedstryd tussen die Springbokke en Argentinië begin en op die grootskerm in die klubsaal gekyk kan word. Hier en daar was daar egter diegene wat eerder nog lekker onder die bome wou kuier en gesels.

Dit was ’n heerlike, suksesvolle dag van sonskyn, braai en rugby wat op ’n hoë noot afgesluit is toe die Springbokke vir Argentinië wen!

Weereens ’n GROOT dankie aan almal wat hout geskenk en pap en sous gemaak het! Julle is sterretjies!

Dalene





Deel ook jóú "memories" met die inwoners.

Jy is iemand se rede om te GLIMLAG

op 'n 'sonsakwandeling'



3 stapstokke neem 3 kleingoed in Raasblaarstraat !







Raasblaarstraat lyk só (en erger nog!) as erf 263 se kinders kom kuier







"Memories" vasgevang in 'n foto vir eendag se onthou . . .

**Deur my Ne9ester kameralens**

# KOM NEEM DEEL

## Blokraaisel


**DWARS**
1 Sterrelig e-pos?
3 By watter kommando was Chris 'n Majoor?
5 Wat is "**voorbroodjies**", ouma?
7 Sir Laurence Olivier word in _____ tot ridder geslaan.
9 Die Waterberge se biodiversiteit sluit meer as 300 spesies struike en bome en meer as _____ voëlspesies in.
12 … is baie goed vir jou maag en/of maagsere?
13 ?

**AF**
2 ?
3 Wie was voorsitter van die "Federation of Boxer Clubs" in S.A.?
4 Watter geakkrediteerde opleiding moet 'n tuisversorger as agtergrond hê?
6 Solly Dlamini se gunsteling sportsoort?
8 Die aantal voëlsoorte wat in Palestina voorkom?
10 "a big upon"?
11 Die Negester Hengelgroep het Woensdag 17 Augustus '22 om 07:00 hier gaan visvang?
14 ?
15 Die aantal geel bordjies is op die heining aangebring?





Baie geluk aan ons wenners!!




Neem 'n foto van die voltooide blokraai en Whatsapp na 0824604570. Onthou om jou naam en huisnommer by te voeg.

* * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * *

## SPORT/ONTSPANNING

| Tyd | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag |
|---|---|---|---|---|---|
| 06:00 – 06:45 | | | | Manne bid-uur | |
| 7:00 – 9:00 | Jukskei | Jukskei | Jukskei | Jukskei | Jukskei |
| 8:00 – 9:00 | Biokinetika | Pilates | | Biokinetika | Pilates |
| 10:00 – 11:00 | | | Lyndans | | |
| 14:00 – 16:00 | | Naaldwerk | | | |
| 15:00 – 15:30 | Water aërobies | | | Water aërobies | |
| 15:00 – 17:00 | | Tafeltennis | | Tafeltennis | |

**Sameroepers: Laat weet asb. vir Sterrelig indien tye van aktiwiteite verander.**

# Slangstories

Daar is nie verniet meer stories in die omloop oor die grootte, spoed en giftigheid van die mamba, *Dendroaspis polylepis* as enige ander slang in die bosveld nie, want dit is inderdaad die grootste, giftigste slang wat in ons wêreld voorkom. Soos met alle ander slangstories (dalk myne ook) moet 'n mens die meeste maar met 'n knippie sout neem.



Eugène Marais was, veral na sy dood, hoog aangeskryf as wetenskaplike, maar sy mambastories wat in Die Vaderland van Junie 1933 (soos dit later in 1972 in "The Road to Waterberg opgeteken is) laat 'n mens se hare rys en laat mens verder wonder… Geen ofidiofoob of selfs iemand met net effense ofidiofobiese* neigings, sou op grond hiervan ooit 'n voet naby die Waterberg gesit het nie!

Alhoewel Marais self net 'n eksemplaar van elf en 'n halwe voet langs die Magalakwenarivier gemeet het, haal hy self "onweerlegbare" getuies aan oor 'n 18 voet reus op die plaas Rietvlei van die Van Heerdens, in die wyk Swaershoek, 'n 21 voeter naby Rooiberg en 'n absolute monster van 24 voet in die Lydenburgse bosveld.

Slange en ander reptiele, weet ons, het die vermoë om onbeperk te groei, maar die meeste deskundiges is dit eens dat mambas nie Marais se dimensies kan bereik nie. Trouens, Fitz Simons in sy gesaghebbende: "Snakes of Southern Africa", meen dat alle mambas wat na bewering meer as 14 voet lank sou wees, is afgeslag en die nat velle gerek voordat dit gemeet is. Nietemin is 'n slang van 14 voet uitsonderlik, veral as jy onverwags daarop afkom.

Marais skryf verder oor die Van Heerdens se plaas hierbo genoem, waar daar voor die Engelse-oorlog geen mambas voorgekom het nie, maar wat kort daarna deur mambas oorval is en waar hulle 'n skrikbewind gevoer het. Ten minste 10 mense is blykbaar sonder enige rede in 'n kort periode aangeval en gebyt. Daar was toentertyd geen teëmiddels, dokters of hospitale in die omgewing nie en almal het 'n aaklige dood gesterf (mense het toe nog nie afgesterf soos vandag nie). Hy beskryf verder die grootte van die mamba se gifkliere en die koppies vol gif wat dit kan toedien – (met soveel gif klink die storie van die halwe span osse wat deur een mamba gedood is, nogal moontlik)

Die algemene gevoel onder hedendaagse herpetoloë en ander slangkenners is egter dat mambas nie aggressief is nie en die meeste mense wat deur 'n mamba gebyt word, het dit probeer vang of dit onhandig hanteer.

Terwyl ek omtrent 50 jaar gelede besig was met 'n inspeksie van 'n privaat dieretuintjie, waar 'n jong man in 'n hok vol slange gesit het om klandisie te lok, word hy deur 'n groot mamba aan die knie gebyt. In my lewe het ek nog nooit so 'n bleek mens gesien nie en van sy bravade was ook niks oor nie. Gelukkig was die eienaar baie vinnig op die toneel met die nodige teëgif en die jong man is vinnig na die naaste hospitaal afgevoer waar hy verder behandel en na 'n paar dae ontslaan is.

Terug na Marais en die plaas Rietvlei in die Waterberg; hy sê (vry vertaal); "Die mamba se spoed is 'n wetenskaplike feit en enige iemand wat beweer dat 'n mamba lomp in 'n boom is en dat 'n mens te voet daarvoor kan weghardloop, het nog nooit die slang in die veld teëgekom nie.".....verder "Baie lesers van Die Vaderland sal die beskrywings van Sir Percy Fitzpatrick onthou; Livingstone het die mamba se spoed 'onbeskryflik' genoem en Professor Calmette, Direkteur van die Pasteur Instituut, het gesê *Naia angusticeps* ('n verouderde naam) is die vinnigste slang op aarde."

Ek weet nie van iemand wat beweer het dat mambas werklik stadig is nie, want 'n mens moet onthou dat alles in die oortreffende trap saam met die groot skrik van so 'n ontmoeting gesien word; veral sy lengte, dikte en spoed.

In ons wêreld kom net die swartmamba voor en iemand wat 'n groenmamba gesien het, het net 'n mooi mannetjie boomslang raakgeloop, die soort kom net in die natter ooste van die land voor.

Baie min mense word in werklikheid deur swartmambas gebyt en die kans daarvoor op ons Landgoed is skraal.

Kallie du Preez, in lewe veldwagter in die Etoshawildtuin het goeie raad vir iemand wat ver en alleen in die veld is en deur 'n mamba gebyt is. "Soek 'n goeie koelteboom om onder te skuil, want 'n lyk wat lank in die son gelê het lyk maar aardig". ('n stukkie galgehumor)

*Ofidiofobie; Onnatuurlike vrees vir slange

-Vis-



# Zebrabloutjies, *Leptotes pirithous pirithous*



Daar is tans geweldig baie klein, vaal skoenlappertjies wat op grasperke, natgespuite grond en sommer orals in die tuine rond fladder. Die vlindertjie is baie algemeen en kom wydverspreid voor van Suid Europa, deur Afrika en Suidwes Asië. Dit is primêr 'n savana spesie, maar word in verskillende biome opgemerk weens hulle migrerende gedrag. Larwes is polifage (eet verskillende plante) en kan veral op Wildesering, *Burkea africana* asook Kaapse bloublommetjies, *Plumbago auriculata* voorkom.



Des



## FAK vereer Jannie Moolman, Rouel Beukes

Beukes is Vrydagaand tydens die negende jaarlikse Afri-Duetfees vereer met die Chris Blignaut-toekenning vir sy lewenslange bydrae tot die Afrikaanse kunste.

Baie geluk Rouel!
Ne9esterre is bevoorreg om jou as inwoner te hê.

✯✯✯✯✯✯✯✯✯✯✯✯✯✯✯✯✯✯✯✯✯✯✯✯✯✯✯✯✯✯✯✯✯✯

# Afrikaans Speel Met Woorde

**7 Oktober 2022**

Dis vandag Internasionale Moedertaaldag:

Iemand het heerlik met Afrikaanse idiome en uitdrukkings/gesegdes gespeel in ons wonderlike Afrikaanse taal.

"Voor jy dalk hond se gedagtes kry dat ek muisneste het en kattekwaad aanvang deur 'n kat in die donker te knyp, kan ek die aap uit die mou laat dat jy nie hond haaraf gaan maak nie. Die kool is eenvoudig nie die sous werd nie, jy wil verniet die bobbejaan agter die bult gaan haal, ek is nie 'n vroetelvarkie nie.

Omdat ek twee linkervoete en rooi haakskene het, dans ek soos 'n kat op 'n warm plaat. Terwyl ek oor die onderdeur loer, stem my aand- en mômepraatjies nie ooreen nie en sing ek 'n ander deuntjie. Ek sing dan soos 'n kanarie. Ek weet dat die voëltjie wat saans die laaste fluit, soggens eerste deur die kat gevang word, daarom gaan ek saam met die hoenders slaap en lank voor hanekraai klim ek met die verkeerde voet uit die bed om my eiertjie te lê.




Dit het die naweek katte en honde gereën, maar ons hou darem nog kop bo water. Dit staan egter soos 'n paal bo water dat dit nie nodig is om water met 'n mandjie aan te dra nie. Voor die son water getrek het en die perde horings gekry het, moet ek nie 'n gegewe perd in die bek kyk nie, ek moet die ou koeie uit die sloot grawe, die bul by die horings pak sodat die agteros in die kraal kan kom. Ek moet ook al my varkies op hok sit en daar by oom Daantjie se kalwerhok die kalf uit die put gaan haal.




As jy wors in die hondehok soek, onthou dat blaffende honde nie byt nie. Ek wou nog katte skiet, maar toe is die koeël deur die kerk en ek kry wingerdgriep. Dit was 'n bitter pil om te sluk. Ek was hoog in die takke, want ek het gehoor dat die hoogste bome die meeste wind vang. As die appel nie ver van die boom val nie, kan 'n mens die boom aan sy vrugte ken.




Ek kon nie die kar voor die perde span nie, en het toe maar twee rye spore geloop.

In die dorp het hulle gesê ek speel op AVBOB se stoep en dat ek een van die dae 'n houtpak gaan aantrek. Ek het gesê dat ek met 'n goue lepel in die mond gebore is en dat ek nog nie die lepel in die dak gaan steek en boedel oorgee nie. Ek moet rondborstig erken dat die spyker in my doodskis, is dat bloed kruip waar dit nie kan loop nie.

As jy brood in die sweet van jou aangesig eet, moet jy nie met 'n mond vol tande staan nie, jy moet hare op jou tande hê, jy moet jou hand aan die ploeg slaan en die strydbyl begrawe. Weet jy hoe die vurk in die hef steek? As jy wolf skaapwagter maak, moet jy almal oor dieselfde kam skeer."

**James Neethling**

(Nagkantoor Facebook)



Ai, ons het 'n wonderlike taal!

# Ne9ester Klein-Kariba Belangegroepe

**DIREKTEUR: Johan van Heerden**
**SPORT**
Sameroeper: Vakant
Fietsry: Stephanie de Haas
Tennis: Wilna van Zyl
Rolbal: Leon Raath
Gholf: Coenie Louw
Jukskei: Hannes du Plessis
Putt-Putt: Chris Rademan
Tafeltennis: Piet van Zyl
Pilates: Trish Fitzpatrick
Biokinetika: Hannie Schoeman
Visvang: Cassie Walkers
Wateraerobics Charlotte Burger

**FINANSIES, BEGROTING, BEPLANNING EN ADMINISTRASIE**
**Direkteur:** Johan van Heerden
Sameroeper: Chris Schoeman
Lede: Johan van Heerden; Allen Wesson

**OMGEWING**
Sameroeper: Arrie Schreiber
Notuleerder: Evelyn Schreiber
Voëlklub: Gerhard Vosloo
Plante: Johan Heydenrych, Leonora Visagie
Diere: Hannes du Plessis, Pieter Olivier, Des van Heerden
Terrein: André Greyling, Ellis van der Merwe

**DIREKTEUR:**
**SOSIAAL**
Sameroeper: Derek Grobler
Lyndans: Annette Swart
Biblioteek: Mary-Ann Venter
Handwerk: Rita Coetzee
Markdag: Annatjie Ras
Kampeer (Skopsuile): Dawid Appel
Wyngilde: Alida Meyer

**SORGDIENSTE**
**KOMITEE** Alle direksielede
Sameroeper: Annatjie Moore
Sorgsentrum: Sr Delia Venter
Lede: Chris Schoeman, Hannie Schoeman, Hennie de Wet, Herklaas Viljoen.

**ONDERSTEUNING (Lief en Leed)**
Sameroeper: Vakant.
Ondersteuning: Vakant.
KANSA: Nellie Buitendag.
Geestelike ondersteuning: Herklaas Viljoen

**KOMMUNIKASIE**
**STERRELIG**
Redakteur: Ria Fourie
Lede: Henk Kruger; Albert Behrens, Sandra Kemp; Gusta Hoare, Annamarie Krüger
Fotograwe: Albert Behrens
Bemarking: Nellie Buitendag
Finansies: Nellie Buitendag
**WEBBLADSY**: Angus Hughes

**BYBELSTUDIE**
**Manne Bybelstudie:**
Sameroeper: Johan Nel

**DIREKTEUR:**
**VEILIGHEID EN SEKURITEIT**
Sameroeper: Ben Meyer
Lede: Neville Hoare, Roelf Venter, Gerhard Pretorius, Thinus Roos, Dawie van Niekerk

**ESTETIESE KOMITEE**
**Direkteur**: Johann Marx
Lede: Dawie van Niekerk; Wynand Theron, Yolanda vd Walt

MST:
**INSTANDHOUDING-ADVIESKOMITEE**
**Direkteur**: Johann Marx
Sameroeper: Dawie van Niekerk
Lede: Nellie Buitendag, Dries Schoeman.




BELANGSTELLENDES WORD UITGENOOI OM DEEL TE WORD VAN DIE ONDERSKEIE GROEPERINGS WAAR DAAR VAKATURES IS. KONTAK ASB DIE BETROKKE DIREKTEUR OF SAMEROEPER.